DEEL 115 | WEEK 40 | 6 OKTOBER 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Pienk baadjie vir Oktober

Dis weer daardie tyd van die jaar wanneer Heilbron sy pienk baadjie aantrek, en almal saamstaan om 'n verskil te maak. Oktober is borskanker-bewusmakingsmaand en volgens studies het een uit elke sewe vroue 'n kans om met borskanker gediagnoseer te word. Dit is 'n ontstellende statistiek wat ons almal moet aanspreek. Daarom het Louise Snyman van Louise Snyman Rekenmeesters, 'n wonderlike inisiatief begin om 'n impak te maak en bewustheid te skep. Louise Snyman Rekenmeesters het besluit om pienk lap namens CANSA (Cancer Association of South Africa) teen 'n bekostigbare prys van slegs R30 per meter te verkoop. Hierdie pienk lap is 'n simbool van hoop, ondersteuning, bewustheid, en dit is 'n manier waarop mense hul betrokkenheid kan toon. Elke meter pienk lap wat verkoop word, dra by tot die stryd teen borskanker. Die geld wat deur hierdie inisiatief ingesamel word, gaan in sy geheel na die stryd teen kanker. Dit kan gebruik word vir bewusmaking veldtogte, navorsing en om diegene te ondersteun wat deur borskanker geraak word. Hierdie fonds maak 'n groot verskil in die lewens van mense en kan help om lewens te red. Op hierdie oomblik het Louise Snyman Rekenmeesters reeds 50 meter pienk lap beskikbaar, en hulle hoop om dit alles en nog meer te verkoop. Hierdie inisiatief wys dat elke individu 'n rol kan speel in die stryd teen borskanker, en dat ons almal saam kan werk om 'n positiewe verandering te bewerkstellig. So, indien jy op soek is na 'n manier om jou steun aan borskanker-bewusmaking te toon, kan jy gerus by Louise Snyman Rekenmeesters 'n besoek aflê en 'n stuk lap aanskaf. Tooi ons dorp of jou erf pienk!



Op die foto: Cherie Grant




## Matriekafskeidpaartjie van die jaar!!!

Dis weer daardie tyd van die jaar waarna elke matriek uitsien vandat hulle hoërskool intree. Met die eindeksamen om die draai het talle matrieks hul laaste skooljaar saam met hul klasmaats afgesluit deur die skool se jaarlikse matriekafskeid by te woon. Heilbron Herald het weer besluit om 'n kompetisie te loots vir Riemland Matriekafskeidpaartjie van die jaar. Jy en jou metgesel staan 'n kans om jul gunsteling foto op 2 x A2 *canvasses* te print en ook 'n Buffalo Bistro-geskenkbewys met 50% afslag by die restaurant tot en met R500 te wen. Om in te skryf, volg die eenvoudige stappe en hierdie prys is julle s'n! Stuur jou gunsteling matriekafskeid foto via Facebook-messenger na die Heilbron Herald Facebook blad, waarna ons dit dan op die blad sal oplaai en soveel moontlik *likes* verwerf kan word.

Foto inskrywings sowel as *likes* sluit op 1 November om 08:00. Geen foto's of *likes* word na hierdie datum meer aanvaar nie.

Wanneer die foto gestuur word, dui asseblief die name van die paartjie en van watter skool hulle is, aan. Die wenner sal in die koerant aangekondig word op 3 November 2023.

Kontak Hendie by 071 175 9807 vir navrae.

Sterkte aan al die deelnemers!!!

***Bepalings en voorwaardes:***

· Die deelnemer moet Heilbron Herald se Facebook-blad volg om in te skryf.

· Heilbron Herald sal die kompetisie beoordeel, uit die inskrywings wat ontvang is teen die 1ste November 2023.

· Heilbron Herald besluit ten opsigte van diegene wat deelneem en die keuse van die wenner is finaal. Geen korrespondensie met betrekking tot die kompetisie sal aangegaan word nie.

· Slegs die foto's op Heilbron Herald Facebook-blad se *likes* sal in ag geneem word.

· Enige Facebook reaksie tel vir die kompetisie, dit wil sê: *Like, Love, Care, Haha, Wow, Sad en Angry* gebruik kan word en getel sal word as 'n *like*.


· Slegs paartjies vanaf Frankfort, Reitz, Heilbron, Koppies, Petrus Steyn en Lindley wat in 2023 'n matriekafskeid bygewoon het mag deelneem.

· Die wenner is self verantwoordelik om die prys te kom afhaal by Heilbron Herald en verdere reëlings tref.






# Deputy Minister Mathale Initiates High-Profile Investigation Following Heilbron Residents' Complaints



Deputy Minister Cassel Mathale responded to a series of grievances raised by Heilbron residents during a Ministerial Imbizo held at the Phiritona Sports Complex on Friday, September 29th. Considering the concerns expressed, the Deputy Minister has ordered a comprehensive investigation into the policing issues identified at the Heilbron Police Station. The complaints from community members encompassed various policing challenges, prominently including the station's lack of adequate vehicles to promptly respond to citizens' complaints. Additionally, there were grievances about the alleged unsatisfactory resolution of reported cases, with instances of missing dockets and cases not progressing to court. Furthermore, the community stressed the importance of a collaborative effort between the police and citizens to combat crime effectively. A significant obstacle to this collaboration, according to community members, is the perceived inaction by the police despite receiving valuable information from the community. Another concern voiced by the community was the misuse of SAPS vehicles by some members for personal purposes. The community expressed profound dissatisfaction with the station's commander and called upon Deputy Minister Mathale to intervene and foster harmonious relations between Heilbron Police Station and the community. They emphasized that their shared goal is the eradication of persistent criminality in their locality. Lt General Motswenyane, the Free State Provincial Commissioner, acknowledged the community's frustrations and expressed concern about their dissatisfaction with the management of the Heilbron Police. The Provincial Commissioner pledged to address the issues raised by the community, saying, "For cases that were inadequately investigated, we have noted your details and will conduct thorough inquiries to resolve these matters." Advocate Joyce Mokoena, Chief Prosecutor within the Welkom cluster of the National Prosecuting Authority (NPA), informed community members about cases that have not been enrolled in court. She clarified that prosecutors communicate the reasons for this to the police, who are then responsible for conveying this information to the complainants.

# Ngwathe finansies meer as beroerd

"Die voortslepende bestuurskrisis by die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit het 'n geweldige impak op munisipale finansies" sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. Volgens 'n verslag wat onlangs aan die Finansiële Komitee van die munisipaliteit voorgehou was het krediteure in die periode van 1 April 2023 tot 30 Junie 2023 met 'n astronomiese R102,8 miljoen gestyg. Debiteure het daarteenoor in die ooreenstemmende periode met R37,5 miljoen gegroei.

"Die syfers beklemtoon die finansiële penarie waarin Ngwathe homself tans bevind. Eskomskuld alleen beloop tans reeds R1,8 miljard uit 'n totale skuldlas van R2,14 miljard" sê raadslid Van der Merwe verder. Pogings om inkomste deur middel van amnesties aan agterstallige verbruikers en mense met gebrugde vooaafbetaalde kragmeters te verleen het nie die verwagte vrugte afgewerp nie.

Daar is tans letterlik duisende gebrugde kragmeters in Ngwathe waarvan talle nuwe meters is wat die afgelope jare uit hoofde van die munisipaliteit se kontrak met Cigicell deur die firma ge-installeer was. Dit blyk asof van die nuwe meters basies byna onmiddelik weer gebrug was. "Die polisiëring van oortredings en die neem van daadwerklike optrede teen skuldiges word nie na wense hanteer nie. Boonop het Cigicell sekere van die dienste wat hy moes lewer, onder andere hulp met kredietbeheer, maande gelede reeds opgeskort as gevolg van wanbetaling deur die munisipaliteit. Intern beskik die munisipaliteit eenvoudig nie oor die vermoë of opgeleide personeel om self die kredietbeheertake suksesvol uit te voer nie en realiseer die inkomste wat uit verkoping van elektrisiteit gegenereer behoort te word gevolglik ook eenvoudig nie" voeg raadslid Van der Merwe by.

Implimentering van 'n sogenaamde "Turn Around Strategy" waarop die Raad reeds tydens sy begrotingsvergadering in Mei 2023 besluit het, toon tans min vordering. Volgens raadslid Van der Merwe was onder andere besluit dat die Finansiële Komitee tweeweekliks moes vergader om die plan te bestuur en te dryf. "Dit gebeur egter tans nie". Die suksesvolle bestuur van die munisipaliteit se sake word tans steeds grootliks gekortwiek weens voortdurende wisseling in personeel op senior bestuursvlak. Tans word die pos van munisipale bestuurder en hoof finansiële beampte byvoorbeeld deur gesekondeerde tydelike amptenare gevul terwyl die poste van direkteure van korporatiewe en gemeenskapsdienste ook steeds vakant is.

"Daar sal drastiese veranderinge teweeg gebring moet word voordat 'n verbetering in die munisipaliteit se inkomste verwag sal kan word, maar of die regerende ANC party oor die politieke wil en vermoë daartoe beskik is te betwyfel" sê raadslid Van der Merwe. "Die Vryheidsfront Plus, en ek glo ander opposisiepartye, sal intussen soveel as moontlik druk bly plaas dat nie alleen finansiële bestuur opgeskerp word nie, maar ook dat vakante senior bestuursposte so spoedig moontlik gevul word om kontinuiteit in munisipale bestuur te herstel".

## UIT DIE PEN: *Week 40 van 2023*



Chris was ons buurman in ons Vrystaatse dorpie. Ek het sy suster geken voordat ek vir hom geken het. Nadat hy by die SAPD afgetree het, het hy huise in 'n ander provinsie verkoop. Later het hy na ons dorp gekom en aangehou om huise te verkoop. Hy en sy sussie het langs ons gebly.

Ek en my goeie man was toe nog nie getroud nie.

Chris kon vir ure staan en gesels. Kom in, buurman, sou ek nooi. Hy sou dan op sy horlosie kyk en vertel hoe haastig hy is. Met nog 'n halfuur se gesels.

Op 'n mooi dag is ek besig met houtwerk. Wel, nou nie skougehalte houtwerk nie. Ek het 'n lendelam hekkie gehad wat ek reggemaak het. Nuwe planke gekoop. My pa het my van 'n hele toolboks voorsien en ek het gesaag en geboor. Chris kom kyk wat aangaan.

"Kan ek jou help?" vra hy.

"Nee, ek is reg vir nou, dankie."

"Maar hierdie is nie eintlik vrouenswerk nie," sê hy.

Nou, ja, dink ek. Help maar.

Chris het een plank onhandig begin opsaag.

"Buuman," sê ek. "Staan soontoe. Ek sal jou wys hoe om dit te doen."

Hy het 'n lang tyd op die trappie gesit totdat hy tevrede was dat ek min of meer weet wat ek doen.

Daardie dae was Getroud met Rugby nog nie 'n weeklikse sepie nie. As ek reg onthou, was dit Donderdagaande op kykNET. My DSTV was stukkend, en ek bel vir Chris.

"Buurman, kyk jy Getroud met Rugby?"

"Nee, hoekom?"

"My DSTV is stukkend. Kan ek dit by jou kom kyk?"

Hy het gehuiwer. "Ja, maar hier is 'n klein probleempie. My sussie is nie hier nie."

"En die probleem is?"

"Die TV staan in my kamer en ons sal op die bed moet lê en kyk."

"Geen probleem."

Dit was winter en lekker koud. Ek en Chris het onder die komberse gelê, heerlik TV gekyk, en na afloop van die program aan die gesels geraak. Iewers in ons gesprek het ons by mensehandel uitgekom. Hy vertel my van Gert van Rooyen en Joey Haarhoff, einde tagtigerjare tot in 1990. Hulle het in Malherbestraat in Capitalpark, Pretoria gewoon. Ons gesels oor die meisies en dit is asof die gesigte voor my verbyflits.

Tracy-Lee Scott Crossley van Johannesburg, Fiona Harvey uit Pietermaritzburg, Joan Horn uit Pretoria, Janet Delport uit Durban (sy is weer later opgespoor), Rosa Piel uit Alberton, die maatjies Odette Boucher en Anne-Mari Wapenaar, en Joan Booysen.

Die berigte het gelui dat Gert van Rooyen eers vir Joey Haarhoff, tydens 'n jaagtog met die polisie, geskiet het, daarna homself.

So terloops vertel hy my dat hy aan daardie saak gewerk het. Hy vertel my 'n paar interessanthede aangaande die saak.

Chris gebruik een van my garages. In die hart van die winter kry ons 'n hewige sneeubui. Ek hoor hoe hy sy motor intrek, die deur sluit. My foon piep. "Die yskoets is in sy garage."

Ek gaan kyk: sy hele kar is toe van die sneeu. Dit is besig om te smelt en die hele garage vloer is vol water met stukke sneeu, amper soos watte, wat in die water dryf.

Chris kon 'n potensiële misdadiger van ver af sien aankom. Ons het baie keer sommer so in die straat gestaan en gesels, en wanneer iemand ons nader, sou hy dadelik kon sê of die persoon bybedoelings het. Nooit het ek geweet hoekom sy sesde sintuig so goed ontwikkel was nie.

Een middag vertel hy my dat hy gou gaan vir dringende chirurgie: hy het 'n aneurisme in sy aorta wat dadelik aandag nodig het. Hy herstel baie mooi. 'n Paar jaar daarna kry hy 'n hartaanval, maar herstel ook.

Intussen het ek en my goeie man getrou, hy en sy sussie het getrek en ons het Pretoria toe gekom. Ons het steeds kontak gehad. Met elke verjaarsdag en huweliksherdenking het hy 'n boodskap gestuur.

Chris is so drie weke gelede dood: hy het kanker gehad. Ek kon nie by sy begrafnis wees nie, maar het digitaal ingeskakel.

Tydens die diens het Chris se seun 'n roerende huldeblyk gelewer en met liefde oor sy pa gesels. So ook sy skoondogter. Met die kosbaarste foto's.

'n Brief van Chris se destydse hoof by die SAPD is voorgelees: Chris was die rede waarom die KBE (Kinderbeskermingseenheid) op die been gebring is. Hy het die meeste van die opleiding by daardie eenheid gedoen. Ongelukkig is dit later jare ontbind. Die bevelvoerder vertel dat Chris een van die groot ondersoekers van die Gert van Rooyen-saak was.

Chris het afgetree as Brigadier. Iets wat ek nooit geweet het nie. Want dit was nie vir hom belangrik nie. Titels het hom nie aangestaan nie.

Ek kyk vanoggend na 'n laggende Chris op een van die foto's wat geneem is met ons troue. My buurman, soos wat ek hom onthou. Soos wat ons mekaar genoem het tot kort voor sy dood.

Ai, ou Buurman, hoe verlang ek sommer vandag na ons straatkuiers, jou lekker lag en jou af-en-toe se WhatsApp.

Elke week se skrywe vir 2023 gaan oor 'n les. Maar ek weet glad nie wat vandag se les moet wees nie. Dalk om jou buurman te waardeer. Miskien om nie iemand op sy baadjie te takseer nie.

Of dalk net om iemand te waardeer.

Want vandag is ek so spyt dat ek nie aan die einde meer met jou gesels het nie, buurman. Al het jou kar my hele garage vol gesmelt.

Tot ons weer ontmoet.

# INSPIRASIE RESEPTE -

This is a classic dish. One of my go to recipes for an easy and healthy lunch and it works with most type of fish. Give it a Go, even the kids will love it.

**DILL FISH CAKES WITH MEYER LEMON MAYONNAISE**

Preparation time – 1 hour
Cooking time – 15 minutes
Serving – 4 people

**Ingredients for the fish cakes**
500g skinless hake or kingklip, bones removed
2 bay leaves
150ml milk
150 ml water
¼ cup white wine
1 medium onion, finely chopped
1 stick celery, finely chopped
400g potatoes, peeled and cubed
1 tbsp fresh dill, chopped
Pinch of nutmeg
Salt and pepper
1 cup homemade mayo / Hellman's mayonnaise mixed with Juice and zest of 1 lemon

2 eggs, beaten
Flour, for shaping
2 cups panko breadcrumbs
3-4 tbsp vegetable or sunflower oil, for shallow frying

**Method for the fishcakes**
In a medium saucepan with a lid, place the fish, bay leave chopped onion, celery and cover with 150ml milk and 150ml water and a dash of wine. Cover and bring to boil. Reduce heat and cook for 4 minutes. Remove the pan from the heat and let it stand for 10 minutes. Strain the fish and onions out of the milk and leave in strainer to dry completely.

Meanwhile, place the potatoes in a saucepan and just cover with boiling water. Add a pinch of salt, bring back to the boil and simmer for 10 mins or until tender, but not broken up. Drain the potatoes in a colander and leave to cool slightly. Mash the potatoes with a fork to make a dry fluffy mash. Now add the 2 tablespoons of mayonnaise, the chopped dill, nutmeg and season well with salt and pepper. Once the fish and onions are cold, remove the bay leaves and flake the fish. Season well with salt and pepper. Now lightly mix the fish into the potatoes. Divide your mix into 8 even balls and use floured hands to shape into cakes. Now dip in flour then egg and lastly breadcrumbs. Place on floured tray and place in freezer for 30 minutes before frying. Can be made a day in advance.



Shallow fry in 170-degree oil for 2 minutes on each side until golden brown.


**Pasch du Plooy**

**How to serve**
Serve with fresh herb salad, pickles and Meyer Lemon Mayo on the side.

**Chefs note:**
Add smoked haddock or salmon for a great variation.




















HP CRANES CO
YOUR BOILERMAKING SOLUTION
STAINLESS
& MILD STEEL
SOLUTION
GEREGISTREER BY SABS
JACO SWART:
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za
MARTIN SWART:
082 389 7961
martin@ejsm.co.za
EDDIE SWART:
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za
Tyd-effektiewe Diens
vir die landbousektor
Cnc Plasma Snywerk
· SAGTE STAAL - SNY TOT 30MM DIKTE
· STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 20MM DIKTE
· BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR


SULTING (PTY) LTD
SWL. 8000 KG
Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
· GIF MENGTENKS
· SAADMENGERS
· STATIESE TENKS
(304, 316 EN SAGTE STAAL)
· SPIRAAL ROLLER
· SPUITE
· STROPER SLUITPARTE
· VERVOERBANDE
· WAENS
Herstelwerk
· AGRI IMPLEMENTE
· ALGEMENE SWEISWERK
· SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK
Trailers: ONDERDELE & SEILE
triangle
WEWELER
HENRED FRUEHAUF
Bearings
· ALLE TIPE BEARINGS
· RATKASTE
· MOTORS
BEARINGS INTERNATIONAL
BMG
Hidrolies
· VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
· ALLE GROOTTE PYPE
· MULTI-SPIRAL PYPE
· SILINDERS
· MOTORS
www.ejsm.co.za

# KENNISGEWINGS

## AUCTION
## MCINTYRE VAN DER POST

**CASE NO. 138/2020**
Refer: NN2121/svdw
**NOTICE OF SALE IN EXECUTION**
**IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA**
**FREE STATE DIVISION, BLOEMFONTEIN**
In the matter between:
**THE STANDARD BANK OF SOUTH AFRICA LIMITED** *Plaintiff*
And
**DANIEL BENJAMIN NIENABER** *First Defendant*
**(ID NUMBER: 710706 5252 088)**
**ELMARIE NIENABER** *Second Defendant*
**(ID NUMBER: 750310 0190 087)**
In pursuance of a judgment of the above Honourable Court dated 30 September 2020 and a Writ for Execution, the following property will be sold in execution on **MONDAY the 23 October 2023 at 13:15** at before the Sheriff of **REITZ** held at **MAGISTRATE'S COURT, ELS STREET, HEILBRON.**
**CERTAIN:**
881 ORANJEVILLE EXTENSION 1, DISTRICT HEILBRON, FREE STATE PROVINCE
**IN EXTENT:**
2650 (TWO THOUSAND SIX HUNDRED AND FIFTY) SQUARE METRES
**HELD BY:**
DEED OF TRANSFER NO T31362/2006
**SUBJECT TO:**
THE CONDITIONS THEREIN CONTAINED
**ALSO KNOWN AS:**
76 STRYDOM STREET, ORANJEVILLE
**CONSISTING OF:**
A RESIDENTIAL UNIT ZONED FOR RESIDENTIAL PURPOSES CONSISTING OF A 1 X LOUNGE, 1 X DINGING ROOM, 1 X KITCHEN, 4 X BEDROOMS, 2 X BATHROOMS, 4 X GARAGES. (NOT GUARANTEED)
The Purchaser shall pay VAT and a deposit of 10% of the purchase price in cash on the day of the sale, the balance against transfer, to be secured by a bank or building society guarantee, to be approved by the Plaintiff's attorney, to be furnished to the said Sheriff within fourteen (14) days after the date of the Sale.
The conditions of sale will lie open for inspection during business hours at the Offices of the Sheriff for the High Court, REITZ.
**TAKE FURTHER NOTICE THAT:**
This is a sale in execution pursuant to a judgment obtained in the above Court. The Rules of this auction is available 24 hours foregoing the sale at the office of the SHERIFF FOR THE HIGH COURT, 22 DE WET STREET, REITZ.
Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:
1. Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 of 2008 (obtainable at URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961).
2. Fica-legislation in respect of identity & address particulars.
3. Payment of registration monies.
4. Registration conditions.

The office of the SHERIFF OF THE HIGH COURT, REITZ (WYNAND MINNIE) wil conduct the sale.
Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.
DATED at BLOEMFONTEIN on this the 8th day of AUGUST 2023.
**ATTORNEY FOR PLAINTIFF**
**DERK VAN VUUREN**
**McINTYRE VAN DER POST**
**C/O McINTYRE VAN DER POST**
**12 BARNES STREET, WESTDENE, BLOEMFONTEIN, 9301**
**Ref: NN2121/SHARI VAN DER WALT**
**SHERIFF OF THE HIGH COURT**
**22 DE WET STREET**
**REITZ, 9810**
**083 654 7512**

## NOTICE IN TERMS OF SECTION 35 (5) OF THE ADMINISTRATION OF ESTATES
ACT

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days from the date of publication hereof, and at the offices of the Masters of the High Court Bloemfontein and Magistrates Court Koppies Free State.
Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in Accordance With The Accounts.
**Estate reference number: 009939/2022**
**Surname: Venter**
**Full name(s): Jacobus Daniël**
**ID Number: 5507255050089**
**Death Date: 18 October 2022**
**EXECUTOR:**
**VERA DE WET VENTER**
**ADVERTISER:**
**VERA DE WET VENTER,**
**PLOT 495, KOPPIES, FREE STATE, 0945,**
**TEL NR. 072 043 9802**

## KENNISGEWING

KENNISGEWING in die **BOEDEL VAN WYLE JOHANNA MARGARETHA LOTTER STRAUSS,** Identiteitsnommer: 551012 5050 08 1 in lewe 'n PENSIONARIS woonagtig te HUIS SORGVRY, CLARKSTRAAT, REITZ, 9810, WEDUWEE.
**Datum van afsterwe: 07 Mei 2022**
**Boedelnommer: 006305/2022**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**
**18 SEPTEMBER 2023**

## KENNISGEWING

KENNISGEWING in die **BOEDEL VAN WYLE CATHARINA SUSANNA ELLIS.** Identiteitsnommer: 561006 0094 08 4 in lewe 'n PENSIONARIS woonagtig te CONVENTIONSTRAAT 19, REITZ, 9810, WEDUWEE.
**Datum van afsterwe: 11 Augustus 2021**
**Boedelnommer: 002102/2022**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**
**20 SEPTEMBER 2023**


DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




## RIEMLAND JAGTERSVERENGING JAARPROGRAM 2023

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 07 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 14 OKTOBER | TROFEE MEET/JAARVERGADERING /DINEE BLOEMFONTEIN | |
| 03 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 18 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2024 MOET NOU BETAAL WORD | |

# SMALLS

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
Vleissentraal
JJ Hattinghstraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

**WEIDING TE HUUR**
700Ha weiding te huur, Gottenburg omgewing in Heilbron distrik. Onmiddelik beskikbaar. 50Ha aangeplante weiding. Res is natuurlike veld.
*Skakel*
*082 467 2544*
*vir meer inligting.*



*Bring asb alle bestellings vir drukwerk, meubels, skryfbehoeftes, ko-operatiewe klere, groot formaat drukwerk so gou moontlik, om teleurstelling te voorkom.*
**Ons sluit vir die kersseisoen.**

**TE KOOP**
**Porta Potty te koop.**
Skakel
072 279 7743

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**








SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
POSTNET HEILBRON

# HERALD Sport

Ons laaste uitgawe vir die jaar is DV **15 Desember 2023** en eerste uitgawe vir volgende jaar **12 Januarie 2024**.



# Rolbalklub het net goeie nuus

Hier by ons in die rolbalklub het ons iemand wat wêreldwyd rolbal gespeel het. Hy het goud gewen, silwer en brons, hy was ook betrokke by die afrigting van die nasionale span.

Daardie man, lid van Heilbron Rolbalklub, is nou gekies as lid van die KEURKOMITEE vir die nasionale spanne. Ja daardie man is ons eie RUDI JACOBS. Baie geluk Rudi, jy maak die klub trots.

Verlede week het ek gesê Gig en JCB se 8 punte is nie te versmaai nie, Hans Botes het altyd gesê "Een is nie min nie." Nouja in hierdie geval was 8 punte sommer 'n hele handvol.

Dit lyk my JCB het die regte kunsmis gestrooi, want hulle spring van +8 na + 40. Dit is 36 punte beter as die vorige week en hulle sit nou stewig in die tweede plek.

Alhowel Gig met 6 punte verbeter het om in derde plek anker te gooi, lyk dit of hulle sukkel om die regte seine daar van die toring af raak te vang.

Bayer steeds in die eerste plek, het harde bene gekou teen Quad Squad en kon slegs 14 by hul vorige totaal voeg om vir hulle 'n voorsprong van 18 punte bo JCB te gee.

Met twee wedstryde wat nog gespeel moet word is die kompetisie nog wawyd oop.

Van Rooyen Boerdery is so in die vierde plek, bietjie ver weg van die span in die derde plek, maar daar is iemand wat net oor die straat van die rolbalklub bly en sy het vir my gesê sy gaan Van Rooyen Boerdery se opponente met haar John Deere trekkertjie kom rondjaag daar op die baan.

As gevolg van die skoolvakansie sal die volgende wedstryd gespeel word op 11 Oktober 2023.

Hier is ook 'n ander lekkerte wat deur Reitz Rolbalklub aangebied word op 17 Oktober 2023. Veterane toernooi, persone 55 jaar en ouer. Moenie dit mis nie, dit gaan groot pret wees.

Skakel vir Loffie Cronje by 082 944 9230.

Daar is ook die meer ernstiger wedstryde, Valsrivier Viere wat op 11 en 12 November gespeel sal word.

Sluitingsdatum is 23 Oktober 2023.



*"Outydse rolbal"*

# Heilbron duiwenuus

Die laaste wedvlugte van die jaar het verlede Saterdag vanaf Drie Susters oor 'n afstand van 790km plaasgeving.

'n Sterk noordweste wind het gewaai en die duiwe moes oor of om al die rook van die veldbrande vlieg. Nieteenstaande het hul 'n gemiddelde spoed van 72 kpu gevlieg.

Geluk aan D Cilliers wat die 1ste wedvlug wen en Zennith wat die tweede wedvlug wen.

**DRIE SUSTERS OPE 1**


1. D Cilliers, 2. D Cilliers, 3. Zenith A, 4. Zenith B, 5. Zenith A, 6. F Viviers, 7. Zenith B, 8. Zenith A, 9. F Viviers, 10. Zenith B.

**DRIE SUSTERS OPE 2**

1. Zenith B, 2. Zenith A, 3. F Viviers, 4. Zenith A, 5. Zenith A, 6. Zenith A,



7. F Viviers, 8. D Cilliers, 9. Zenith B, 10. Zenith B.










BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 9 OKTOBER 2023**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 10 OKTOBER 2023**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

STANDERTON: LK REYNOLDS TRUST
Uitverkoping van implemente
11:00, Kent / Val
Kontak Paul Moll 082 331 2036

BULTFONTEIN: WINBOLD VLEISMERINO VEILING
11:00, plaas Boldwin
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**WOENSDAG - 11 OKTOBER 2023**

REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

FRANKFORT: BESTORWE BOEDEL HBEH HERRMANN
Uitverkoping van plaastoerusting
11:00, plaas Fortress
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

**DONDERDAG - 12 OKTOBER 2023**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 13 OKTOBER 2023**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Jaco Breedt 082 440 8960

STANDERTON Herdenkingsveiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za

